Oorweeg al die faktore vir winsgewende aartappelverbouing

Div Bosman, Senior Landboukundige, Omnia Kunsmis

Die afgelope twee seisoene is daar geweldige skommeling in die prys van produkte soos aartappels, mielies, koring en andere. Die vorige seisoen was dit werklik meer ekonomies om mielies onder besproeiing te plant, met 'n baie kleiner risiko en ook 'n fraksie van die produksiekoste.

Die afgelope seisoen het die mielieprys halveer en die aartappelprys verdubbel. Dit is hierdie geweldige fluktuasie wat aan produsente hoofbrekens verskaf. Onlangs was daar berigte in die pers van opbrengste van aartappels wat 100 ton/ha oorskry het. Hierdie berigte laat boere weer vrae vra of ek dan nie liewer my geld uit aartappels probeer maak nie.

Suksesvolle aartappelproduksie begin by 'n besluit dat aartappels "permanent" of dan, oor 'n langer periode, deel word van 'n wisselbouprogram. Die volgende aspekte moet dan ook in ag geneem word:

- Die koste van toerusting soos planters, operders, uithalers en sorteergeriewe. Dit kan 'n aardige bedrag beloop en moet in die kontantvloei vir die volgende jaar begroot word. Hierdie koste moet nie die kontantvloei so knou dat ander produksies daardeur benadeel word nie.
- Daar moet seker gemaak word of die produksie van die bedryf nie bots of inmeng met ander bedrywe soos die plant van somergewasse, die maak van kuilvoer wanneer aartappels uitgehaal word of derglike bestuurspraktyke wat die bestuur sal bemoeilik of ekstra koste t.o.v. bestuur sal meebring nie.
- Die keuse van mark is ook belangrik. By die keuse van mark word bedoel of daar moere, tafelaartappels of vir die verwerkingsbedryf geproduseer gaan word. Die regte kultivar moet vir die mark gekies word.
- Dit is opvallend dat selfs gesoute produsente nog verward kan raak by die keuse van sy kultivar. Daar moet werklik seker gemaak word dat die gekose kultivar aan die vereistes van die gekose mark voldoen.
- Bestel jou moere vroegtydig en maak seker dat die regte generasie en die knoltelling per sak verstaan word. Moet onder geen omstandighede aartappels op die mark aankoop om te plant nie. Die risiko is net te groot. Die produksiekoste is alreeds relatief hoog sodat die oes nie aan die risiko van swak moere blootgestel kan word nie.
- Plantgereedheid van moere is van kardinale belang. Die plantgereedheid van moere bepaal hoeveel halms per knol geproduseer gaan word. Elke halm wat vorm het die potensiaal om 'n sekere aantal aartappels te dra. Hoe meer kwaliteit halms daar gevorm word hoe groter die kans om 'n redelike oes te kry. Gebruik produkte om moere se uitloop te bespoedig met groot omsigtigheid en slegs in noodgevalle. Waar die gebruik van dié produkte aanbeveel word is die moere waarskynlik te vars en nie gereed om geplant te word nie.
- Beplan die land wat geplant gaan word 'n jaar vooruit. Neem grondmonsters en maak regstellings alreeds 'n jaar voor die tyd. Dit is gewoonlik baie goedkoper en meer doeltreffend om regstellings vroegtydig te maak as om regstellings met plant te maak. In so 'n geval is jy beperk tot watter produkte gebruik kan word en hulle is gewoonlik drie tot vier keer duurder as bv. kalk wat alreeds 'n jaar voor die tyd gestrooi word.
- Die kwaliteit van die oes hang grootliks af van die balansering van Kalsium, Magnesium en Kalium. Dit is dus van kardinale belang om hierdie verhoudings te balanseer. Daar bestaan ook redelike groot verskille tussen kultivars en die vereistes van die betrokke mark. Stikstof se rol, veral vir die verwerkingsbedryf, is van groot belang. Dit beaam die feit dat daar ook in bemesting volgens kultivar en mark bemes word.
- Die beheer van siektes speel 'n groot rol in die leeftyd van 'n aartappel. As in ag geneem word dat tussen 600 en 1000 sakkies aartappels per hektaar, afhangende van die stand, in die laaste twee tot drie weke van die plant se leeftyd by die oes bygevoeg word, is dit duidelik dat die aartappel tot sy volle potensiaal moet bly leef.
- Daar is vandag ook middels beskikbaar waar sekere manipulasies gedoen kan word, veral met knolinisiasie. Indien hierdie middels op die regte tyd en dosis toegedien word en slegs twee aartappels per stoel word daardeur verkry, is opbrengsverskille wesenlik. Twee knolle wat 150 gram elk weeg kan oor 'n gegewe plantestand verskille van 'n beduidende aard teweegbring.
- Plantdiepte en die tyd van operd kan ook 'n groot invloed op die oes hê.

Indien al die faktore in ag geneem word is dit werklik die moeite werd om aartappelproduksie vroegtydig te beplan. Hoe beter die beplanning, hoe beter kan daar aan die gewas se behoeftes voldoen word met 'n groter kans dat ook hierdie vertakking van 'n boerdery winsgewend bedryf kan word.

VIR VERDERE INLIGTING SKAKEL OMNIA KUNSMIS HOOFKANTOOR BY 011 709 8860 OF DIV BOSMAN DIREK BY 0824576743.